

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 217
(Augustus 1987)

SAKRAMENTE

* * * * *

Sigbare tekens en seëls om die belofte van die
EVANGELIE beter te verstaan en te begryp

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Sakramente

Ons benoem die doop en nagmaal onder 'n versamelnaam, *sakramente*. - Dis 'n woord uit die Latyn, wat letterlik beteken:

"heilige middel" of "toewydingsmiddel."

In die Romeinse tyd is 'n soldaat wat vir krygsdiens aanmeld, "gesakramentuur"; dus ingelyf — daardeur is hy as integrale en onskeibare deel van die leer beskou.

in die doop en die nagmaal vind ons dieselfde gedagte, nl. dat 'n lidmaat wat in sakramente deel, 'n integrale en onskeibare deel van Jesus Christus is. Want in die sakramente kom prakties en konkreet na vore:

- die beloftes van God in Christus, en
- die beliggaming van christenskap DUS

die sakramente is sigbare Woordverkondiging

- dis voelbaar en proebaar — ja, nie net hoorbaar nie. Daarom wil die sakramente God se Woord teken, en afbeeld. En jy as gebruiker daarvan, word deel van Jesus Christus...
- deel van sy lewe, dood en opstanding.

Maar kan 'n mens vra: Hoekom?

Hoekom sakramente by die Woord?

Daar is drie belangrike redes — só leer die Bybel ons.

God wil by die Bybel as Woord die sakramente voeg:

1. om sy beloftes aan sy kind te verseël, d.w.s. daardie belofte dat elkeen salig is wat in Christus glo.
2. dit is verder sigbare tekens van God se genade in Christus wat vir jǒú sonde gesterf het.
3. en die sakramente wil die kind van God se *geloof* voed, versterk en in stand hou.

Want jy moet onthou:

Geloof . . . dis 'n gawe van God, en *nié* eie prestasie nie.

. . . dis 'n geskenk uit die hemel, nie iets wat jy kan koop of verwerf nie.

Maar:

- geloof bring stryd mee
- dit bring verantwoordelikheid
- dit plaas jou as christen — stryder midde in die oorlog tussen Christus en Satan
- dit bring jou in konflik met ongeloof.

Daarom sakramente:

- om jou geloof sterk te maak
- om jou sigbaar en voelbaar te toon: Wees sterk in geloof . . .

Christus is die oorwinnaar!!!

En jy . . . jy *deel* in sy oorwinning.

Lees nou gerus verder oor elke sakrament . . .

Ds. Nico Ligthelm.

Die doop is 'n Seël

Rom. 4:11:

"(Abraham) het die besnydenis as 'n teken ontvang. Dit is 'n seël wat bewys dat God hom vrygespreek het . . ."

SEËL

In die Bybel is dit so dat as 'n mens sekere waarhede verkeerd agtermekaar inspan, dan bring dit jou by die leuen uit.

So byvoorbeeld:

Die waarheid is: 'n Mens word uitverkies OM TE glo.

Die leuen is: 'n Mens word uitverkies OMDAT jy glo.

* En by die doop word die kar ook soms voor die perde ingespan.

Die leuen is: Die doop verseël my wedergeboorte.

- Die konsekwensie hiervan is: Ek moet eers glo en kan sê ek is wedergebore, dan kan ek gedoop word.

Die waarheid is: Die doop verseël God se beloftes. (vgl. Matt. 26:28)

- Om iets te *verseël* beteken dat hierdie saak vas en seker is, en dat niks daarvan verander kan word nie. (vgl. Daniël 6:18)

BELOFTES VAN GOD

God het sekere beloftes aan ons gemaak. En Hy het hierdie beloftes vasgelê in die verbond wat Hy met ons gesluit het. Hy het aan ons **BELOWE**:

- dat Hy 'n God vir ons sal wees. (Gen. 17:7 en Openb., 21:7).
- dat Hy mét ons sal wees (Ex. 19:4 en Matt. 28:20).
- dat ons 'n ewige blyplek sal hê (Gen. 17:8 en Joh. 14:1-3) Let daarop dat sy beloftes in die Ou Testament nie in die Nuwe Testament verander nie.

En soos wat Hy sy beloftes in die Ou Testament teenoor Israel tot in die fynste besonderhede nagekom het, so kom hy sy beloftes tot vandag toe nog steeds teenoor ons na.

En soos wat HY sy beloftes in die Ou Testament met 'n teken (die besnydenis) verseël het, so verseël Hy sy beloftes in die Nuwe Testament nog steeds met 'n seël, nl. die doop (vgl. Hand. 2:39 en Joël 2:28).

Net die teken het verander van besnydenis na doop, maar die beloftes het nie verander nie.

TROOS

Die doop gee dus vir mense die wonderlike troos:

God laat vaar nooit die werke van sy hande nie.

Al was Israel hoé ontrou, het God nogtans die pad wat Hy belowe het om met hulle te loop, enduit met hulle geloop. Sonder dat hulle dit verdien het, het God hulle uit die slawerny van Egipte verlos en in die beloofde land Kanaän aangebring.

Presies so werk dit in die Nuwe Testamentiese bedeling vandag nog. As gelowige, val en struikel jy dikwels: Vir geen oomblik doen jy *nie* sonde nie. En tog: Ten spyte van jou sonde, kom God sy verbond met jou na — uit genade!

Jou doop sê vir jou' God sal sy belofte aan jou enduit gestand doen. Al is jy hoe ontrou, God bly getrou. Met die bloed van Jesus Christus was Hy al jou sondes af — net soos wat water die vuilheid van jou liggaam afwas.

— Wanneer jy glo in Jesus Christus, dan is jy salig, dan is jy seker dat God jou ook verlos het van die slawerny van die sonde, en met jou oppad is na die ewige Kanaän.

— Wanneer jy glo in Jesus Christus, dan is jy verlos van die duisternis van die hel, en dan is jy oorgebring na die wonderbare lig van die ewige lewe.

- Hierdie troosvolle waarheid word deur die doop aan jou verseël.
- Met jou doop sê God vir jou dat sy beloftes aan jou inderdaad vas en seker en onveranderlik is.

Ds. A. H. Grové.

Die Heilige Nagmaal

Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe . . . My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank." (Joh. 6:54, 55)

In hierdie woorde van die Here Jesus, wat deel vorm van sy onderrig aan die skare in Kapernaum, word aan ons die ryke betekenis en krag van die Heilige Nagmaal geopenbaar.

Hy het aan die mense gesê dat Hy die lewende brood is wat uit die hemel kom,

- dat sy liggaam die ware voedsel is en sy bloed die ware drank,
- dat elkeen wat daarvan eet en drink, ewig sal lewe
- en dat niemand op enige ander wyse die lewe in homself het nie.

Die mense daar in Kapernaum het hierdie betekenisvolle woorde van die Here Jesus verkeerd verstaan, hulle wou dit letterlik vertolk, en die gevolg was dat die Jode onder mekaar begin stry het.

In hierdie selfde hoofstuk gee Jesus egter telkemale die verklaring vir sy diepsinnige woorde. Ons lees bv. in vs. 47:

"Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe."

Om sy liggaam te eet en sy bloed te drink, beteken ten diepste om in Hom te glo,

- dit beteken om met 'n gelowige hart die hele lyde en sterwe van Christus aan te neem, en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry.

Só gaan ons na die tafel van die Here met 'n gelowige hart, in die geloof dat alleen *HY* aan ons die vergewing van ons sonde en die ewige lewe kan skenk.

Die viering van die Nagmaal is 'n belydenis dat ons in onself geen lewe het nie, maar dat ons in Christus en sy verdienste die Bron van die lewe gevind het.

Ons betuig daarmee dat ons hoop alleen berus in die kruis van Golgota,

- dat ons die onverdiende saligheid wat God in Christus vir ons berei het, met 'n dankbare hart aanneem,
- en dat ons geen ander weg ken of begeer nie waarlangs ons die skuldvergewing en die ewige lewe kan ontvang, as alleen die volkome offerande van Christus aan die kruis.

Hierdie belydenis word gedra deur die vaste oortuiging dat ons persoonlik aan Christus verbonde moet wees. Sonder die persoonlike verbondenheid aan Christus kan niemand deel kry aan sy weldade en gawes nie.

Daarom word hierdie band van persoonlike lewensgemeenskap met Christus ook deur die Nagmaal versinnebeeld as ons die brood en wyn as tekens van sy liggaam en bloed met die mond geniet en inneem en dit deel word van ons liggaam.

Op hierdie wyse wil die Heilige Gees ons geloof versterk en ons al hoe meer met Christus verenig.

Aan die Nagmaalstafel beleef die gelowige die innigste gemeenskap met Jesus Christus.

Dáár ervaar die gemeente die diepste eenheid met haar verheerlikte Hoof. Dáár ontvang ons die versekering dat intieme en onverbreeklike bande, soos dié tussen die lede van dieselfde liggaam, ons aan Christus en aan mekaar verbind. Dáár word die gemeenskap van gelowiges sigbaar ondervind, soos wat dit eenmaal in die hiernamaals volkome beleef sal word.

Só wil die Here op hierdie sondeverskeurde aarde reeds sy kinders tot die ewige lewe voed en verkwik deur aan hulle te gee sy liggaam as ware voedsel tot versadiging van ons

hongerige hart, en sy bloed as die ware drank tot lafenis van ons dorstige siel.

Watter voorreg om hieraan deel te mag hê!

- om hierdie heerlike versekeringe te ontvang!
- om só gevoed en versterk te word!
- en om ons só te mag voorberei om eenmaal te gaan aansit aan die ewige Bruilofsmaal van die Lam wat berei is vir al Gods kinders!

Ds. Pieter van der Walt.

Wie nie eet en drink nie sal sterf

Die Nagmaal (Die Tekens)

Met die tekens van brood en wyn het Jesus Christus by die instelling van die Nagmaal, die mens se swakheid besonderlik in ag geneem. En mense sukkel mos om iets sonder meer te glo. Hulle wil eerder iets sien en beleef.

God weet 'n mens kan verstaan dat as hy nie eet nie, dan kan hy nie lewe nie. Jy moet eet en drink anders sterf jy. So is ook ons siele.

Baie mense verbeel hulle hulle siel het nie kos nodig nie. Jy hoef dus nie Bybel te lees nie en ook nie kerk toe te gaan nie. Ander mense dink weer dit is genoeg om dit so een of twee keer per jaar te doen.

Daarteenoor stel Jesus nou: Net soos jou liggaam sal sterf van honger sonder om gereeld te eet en ook sal sterf van dors sonder om gereeld te drink, so sal jy ook geestelik sterf sonder die ware geestelike voedsel en drank. Daarvoor word brood gegee as teken van Jesus se gekruisigde liggaam en die wyn as teken van sy uitgestorte bloed. (Sien 1 Kor. 12:23-26).

In die weg waarlangs brood en wyn na ons toe kom gee die Here aan ons nog 'n verdere en besondere boodskap. Dit is die blye boodskap van Christus se lyde vir ons sondes in ons plek. Brood is koring wat gedors en gemaal is en daarna in die hitte van 'n oond tot brood gebak is. Die gebreekte brood by die Nagmaal bring dus die boodskap van die liggaam van Christus wat gemartel is en aan die kruis op Golgota verbrysel is en onder die hittestrale van God se toorn oor ons sondes geplaas is.

Maar ook die wyn verkondig die lydensweg van Christus. Wyn kom van druiwekorrels wat op die bestemde tyd ryp geword het, afgesny en gepers is. So word die wyn dan nou in 'n bloedrooi stroom uitgegiet. Die wyn by die Nagmaal bring dus die boodskap dat Jesus Christus se bloed ook uitgegiet is nadat sy lewe afgesny is waar Hy in die persbak van God se toorn gewerp is ter wille van ons vir wie hy so lief het.

Aan die Nagmaalstafel eet ons die brood en drink ons die wyn. Dit word deur ons spysverteringsorgane in ons bloedstroom opgeneem. So word ons fisies een met die brood en wyn. Die krag daarvan vloei dan deur ons are.

Net so word ons deur die geloof en die werk van die Heilige Gees een met Christus. Wie in die Here glo, word een "plant" met Hom. Die beeld van die wingerdstok en die lote in Johannes 15 sê dit duidelik.

Christus se ganse lyde en sterwe voor God word deur jou geloof nou so goed as jou eie, asof jyself gely en gesterf het vir jou sondes. So word jy langs die weg van die geloof, verlos van jou sondes deur die offerande van Christus aan die kruis. Die brood en wyn by die Nagmaal bevestig dit aan elkeen wat glo.

Ds. Sarel Cilliers.

Kerk en Staat

Die verhouding kerk en staat het baie mense al na 'n pen laat gryp om 'n sekere standpunt daar te stel.

Die vraag is gewoonlik — wie is nou die sterkste, of wie het nou oor sekere sake die laaste sê?

Die antwoord is egter heel eenvoudig:

Nie een van die twee is oppermagtig oor die ander een nie.

Die kerk mag nie en kan nie deur die staat oorheers word nie, en andersom is dit ook die geval.

Vir u en my, geagte Leser, is die vraag egter

"Waar staan ons nou in die verhouding "kerk en staat"?"

Die Bybel gee vir ons hieroor baie duidelike riglyne. Lees gerus maar Rom. 13:1-7.

God het alle mag — in die hemel en op die aarde. Daar is dus geen mag, wat nie van God af kom nie. God gee die mag ook aan die Staat om te regeer. God self skryf die geskiedenis. God bepaal wie mag het, en wie nie mag het nie. God bepaal wie regeer en wie nie.

Daarom staan u en ek in 'n spesifieke verhouding tot die owerheid. Ons moet die staat sien as 'n mag en gesag wat God oor ons gestel het om ons te regeer. Ons het as gelowiges die verantwoordelikheid ontvang om self ook te kan stem, om 'n regering daar te stel. Hierdie verantwoordelikheid moet ons nie gering skat nie.

Die gelowige staan dus binne die kerk, maar ook buite die staat. Die kerk en staat moet dus nooit teenoor mekaar staan nie, maar altyd langs mekaar en albei staan in diens van God, tot eer van God. Die kerk en staat behoort mekaar eerder aan te vul, te help en te ondersteun. Want 'n kerklidmaat is ook 'n burger van die staat. As kerklidmaat kan u en ek nie los wees van die staat nie; ons is ook daar betrokke!

Waar staan u?

- Is u los van die staat? Dit kan nie — die Bybel wil hê dat u ook daar 'n bydrae het om te lewer. Die Bybel lei u en my ook in gehoorsaamheid tot goeie onderdane van die Staat.
- Is u los van die kerk? Dit kan nie — dan is u ook in 'n verkeerde verhouding t.o.v. gesag, ook die gesag van die staat. Die perspektief kom juis van die Bybel. Om 'n gelowige te wees is juis ook om die staat en sy mag en sy funksies te erken en die doel van God ook in wêreld sake en politiek te ken.

Die kerk het ook 'n taak om die lig van Gods Woord na die owerheid uit te straal om die mag van die Antichris neer te werp. (NGB art. 36).

Die gelowige kan hierdie balans tussen kerk en staat so mooi begryp en verstaan. Die gelowige ontvang van God die gawe om ook in dié verhouding te weet wat om te doen en wat om nie te doen nie!

Is jy bang vir die owerheid? Dan doen jy mos iets waarvoor die owerheid JOU kan straf. Dan is jy mos aan die verkeerde kant.

Doen jy wat goed is, sal die owerheid jou mos nie straf omdat jy die goeie doen nie?

Vir elkeen is daar 'n plek en 'n tyd.

Vir jou ook, my liewe vriend en vriendin.

Vir ons is daar plek in die kerk van Jesus Christus, 'n plek wat ons moet volstaan, 'n plek wat nie leeg mag wees nie.

Maar daar is ook vir ons plek in die Staat, om deel te wees van 'n land waarin ons hard moet werk.

Miskien het ons sommer 'n hele paar vrae beantwoord. Vrae oor militêre diensplig, belasting, wette en ordinansies, koopbelasting ens. ens. Al hierdie dinge is deur God gewil en verder ook deur God gewil dat ons daaraan gehoorsaam moet wees. God is 'n God van orde. Daarom is dit belangrik dat daar ook in 'n land orde en vrede moet wees, en daarvoor het God die staat as owerheid ingestel.

U en ek moet ook bid dat die staat ons altyd Christelik sal regeer. Altyd in die lig van God sal regeer en dat ons die geleentheid het om ons God in 'n vrye land te kan dien en eer!

Ds. Leo van Schaik.